Visitasie

Wat beteken die woord visitasie?

- Visitasie kom van die Latynse woord “visito” wat beteken: “dikwels sien”, “besoek” (vergelyk die Engelse woord “visit”).
- Soos lidmate huisbesoek ontvang, ontvang die gemeente nou “huisbesoek”.

Doel van visitasie

- Die doel van visitasie is, breed gestel, dat kerke in Klassisverband op mekaar sal ag gee en mekaar sal bystaan sodat hulle, deur getroue ampsbediening, steeds meer sal beantwoord aan die merktekens van die ware kerk volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Wie is die visitatore?

- Visitatore is niks anders nie as deputate van die Klassis *met ‘n spesifieke (breë) opdrag*.

- Artikel 44 van die Kerkorde lees: “Die Klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem….”.

Afkondiging van visitasie

- Afkondiging van visitasie moet herhaaldelik en duidelik aan die gemeente afgekondig word.

- Die doel hiervan is sodat nie slegs die kerkraad nie, maar ook die lidmate op hoogte kan kom van die komende visitasie en kan op grond van hierdie afkondigings betyds reëlings in hierdie verband met die kerkraad tref.

Wat gebeur tydens die visitasie?

Die spesifieke opdrag word breedweg in KO art 44 aan visitatore gegee:

- vasstel of ampsdraers hul ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die kerkorde in alles onderhou en die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder;
- nalatiges betyds broederlik vermaan;
- Met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.

Wat gebeur tydens die visitasie?

Kerke het saam met mekaar (in Sinode) besluit dat die visitatore ook aan die volgende aandag moet gee:

- Kerk se finansies en finansiële state.
- Kerke se ramings en oorbetalings daarvan.
- Verpligte kollektes en die oorbetaling daarvan.
- Dankoffers in en deur die gemeente.
- Versorging van die gemeente se predikant/e & finansiële voorsiening by emeritering.

(Handelinge Sinode 2009:274, pt 1.2.19; 344, pt 4.2.4)